Ontmoeting 40

Elisa, Naäman en die dogtertjie

Kinders kan vir grootmense van God vertel.

Teks: 2 Konings 5; Jesaja 44:6

Hulpmiddels:

- Bordkryt om teen 'n muur of op die vloer te skryf *(Of maak afwasbare kryt deur waspoeier met kleursel en 'n klein bietjie water aan te maak, in vorms te giet en te laat droog word.)*
- Speel die verhaal in die sandboks uit of wys die video wat op ons webblad beskikbaar is.
- Kopieë van die filmstrook aktiwiteit
- Kopieë van die inkleurprente

WELKOM

1. Speel met die groep - "Op die wal, in die water": Die kinders staan in 2 rye. Die rye kyk na mekaar. In die middel is daar 'n groot opening wat water voorstel. Gebruik lyne op die vloer soos die natuurlike lyne van die rand van 'n mat of plak lyne met maskeerband. Die kinders staan op die "wal". Wanneer jy "In die water!" uitroep, moet al die kinders vorentoe hop (oor die lyn en na mekaar toe). Wanneer jy "Op die wal" uitroep, hop die kinders almal agteruit om weer weerskante van die water te staan. Die idee is om hul uit te vang, deur bv. "In die water" uit te roep wanneer hulle reeds daar is. Wanneer 'n kind in die verkeerde rigting spring, is hy uit die speletjie.
2. Neem die groep na buite of na 'n ruimte waar hulle op die vloer of teen 'n muur kan skryf. Elkeen kan iets van God wat vir hom/haar spesiaal is met die wasbare kryt skryf of teken. Skep dan 'n oomblik van stilte waarin almal kan terugstaan en mooi na alles kyk.
3. Open met gebed.

WYDING

Temalied en **stilword-ritueel** soos by ontmoetings 37 en 38.

WOORD

Vertel die verhaal en speel dit in 'n sandboks uit. 'n Video van die storie in 'n sandboks uitgebeeld, is beskikbaar op ons webtuiste.

Naäman was 'n baie belangrike man. Hy was 'n generaal in Aram. Baie mense het hom geken en hy het in baie oorloë geveg. Eenkeer het hy teen die Israeliete geveg en 'n klomp mense gevang. Een van die mense wat gevang is, was 'n dogtertjie. Sy is uit haar land, Samaria, weggeneem en moes vir Naäman se vrou werk. Sy het die Here liefgehad.

Naäman kry toe 'n vreeslike aansteeklike siekte. Die siekte is melaatsheid genoem. (*Verduidelik wat melaatsheid is.)* Almal was ontsteld hieroor, want hulle het geweet dat hierdie siekte aansteek en dat Naäman nie meer by sy mense kon bly nie. Hulle sou ook van die sere kry. Daar was nie medisyne vir hierdie siekte nie.

Op 'n dag, toe die dogtertjie sien hoe siek Naäman is, vra sy vir Naäman se vrou: "Mevrou, hoekom neem julle nie vir Meneer Naäman na die profeet Elisa toe nie? Hy woon in Samaria. Hy sal hom kan help." Die dogtertjie het geweet dat God vir Elisa sal help om vir Naäman gesond te maak.

Naäman gaan toe na die paleis van die koning van Israel. Hy het 'n klomp geskenke saamgeneem. Die koning van Israel het baie groot geskrik. Hy kon mos nie vir Naäman gesond maak nie. Hy was bang dat dit 'n manier van die Koning van Aram was om moeilikheid tussen die twee lande te veroorsaak. Gelukkig het Elisa 'n boodskap gestuur dat Naäman na hom toe moes kom in Samaria. Dis mos wat die dogtertjie ook gesê het.

Naäman kom eindelik by Elisa se huis aan. Elisa se dienskneg, Gehasi, word uitgestuur met 'n boodskap van Elisa: "Gaan bad jou sewe keer in die Jordaanrivier. Dan sal die Here jou gesond maak."

Naäman wou eers nie. So 'n lawwe ding gaan hy wat 'n generaal is, nie doen nie. "Is ons riviere nie beter as die ou spruitjie van Israel nie?" kla hy. Hy ry sommer terug huis toe. Maar sy manne praat met hom en toe gaan hy tog na die rivier toe. Naäman duik toe sewe keer in die Jordaanrivier. En daar gebeur dit - toe Naäman die sewende maal uit die water kom, was hy gesond. Hy was nie net gesond nie, sy

vel was ook so nuut soos 'n jong seun s'n. Die wonderlikste ding wat gebeur het, was dat hy vir God liefgekry het.

Naäman gaan toe terug na Elisa se huis om hom te bedank. Naäman vertel toe vir Elisa dat hy nou in God glo en vir Hom wil dankie sê.

Kinders kry tyd om oor die verhaal te dink:

1. Ek wonder hoe jy sou voel as jy Naäman was.
2. Ek wonder hoe het Naäman gevoel toe hy sien hy is gesond.
3. Ek wonder wat jy sou doen as jy die dogtertjie was.
4. Ek wonder hoe voel jy oor God wanneer jy die storie hoor.

WERSKAF

- Kleur die filmstrook aktiwiteit in, knip dit uit en laat die kinders dit gebruik om die storie te vertel.
- Bybelmemorisering - Gebruik die teks van Jesaja 44:6 (Die Bybel@kinders-vertaling): "Hy sê: 'Ek het die eerste dinge in die wêreld gedoen. En Ek sal ook die laaste dinge in die wêreld doen. Ek is die enigste God, daar is nie nog 'n god nie.'" Lees die teks 2 keer deur en maak seker dat almal die teks verstaan. Daag die kinders uit om in klein groepies die vers te gebruik en as 'n kreet te gaan oefen en met bewegings vir die groot groep te kom wys. Gee aan die kinders bordkryt om die teks iewers buite (verkieslik plaveisel of parkeerterein) te gaan neerskryf. Hulle kan selfs prente oor die verhaal teken. Julle kan foto's daarvan neem as 'n herinnering om nie skaam of bang te wees om vir mense te sê dat God hulle kan help nie.
- Inkleurprente

Sluit af met die seënbede.

Internet: "Crafting The Word Of God"



Internet: “Crafting The Word Of God”

Knip die strook papier met die 2 prente van Naäman uit. Gebruik 'n "craft"-messie en sny versigtig op die stippellyne op die groot prent (in die water en net bokant die bome). Ryg die strook deur die gleuwe soos op die klein prentjie gewys word. Trek die strook op en af van agter af terwyl die storie vertel word waar Naäman sewe keer in die rivier moes gaan bad. Na die sewende keer trek 'n mens die strook verder sodat die "gesonde" Naäman uit die water verskyn.



Begin met die melaatse Naäman bo die water. Trek die strook af sodat hy in die water is en trek weer op.





Herhaal nog 6 keer. Na die sewende "onderdompeling" trek die strook verder op sodat die gesonde Naäman bo die water verskyn.